# 7. EVALUERING EN GEVOLGTREKKING

## 7.1 INLEIDENDE OPMERKING

In hierdie hoofstuk word gepoog om Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel te evalueer. Om die langtermyn sukses van die opvoedende onderwys te evalueer is menslik gesproke 'n byna onmoontlike taak. Desnieteenstaande word gepoog om die gebeure tydens die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium, soos dit in *hoofstukke 4, 5 en 6* uiteengesit is, te evalueer.

Om te evalueer impliseer dat daar 'n maatstaf moet wees waarvolgens die evaluering geskied. Die maatstaf op grond waarvan die evaluering geskied, word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk onder die loep geneem. Laastens word die gevolgtrekking gemaak.

## 7.2 KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Die kriteria waarvolgens Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel geëvalueer word, word gevind in die Christelik-nasionale onderwysbeginsel soos wat dit deur die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en Wet 39 van 1967 bepaal is.[1]

### 7.2.1 Grondslae van die opvoedende onderwys aan Potchefstroom Gimnasium

Die opvoeding en onderwys aan Potchefstroom Gimnasium vind op die grondslag van die Calvinistiese lewensbeskouing[2]

1) *Hoofstuk 2*, pp 69-80.
2) *Hoofstuk 5*, pp 166, 189.

van die stigterslede, ouers en onderwysers plaas. Saam met dié Christelike grondslag voldoen die opvoeding en onderwys ook aan die nasionale grondslag aangesien die Gimnasiaste uitgesproke Afrikanerpatriotte is.[3] Die grondslag van die opvoedende onderwys aan Potchefstroom Gimnasium is dus deur al die jare onvoorwaardelik Christelik-nasionaal.

* Christelike grondslag van die opvoedende onderwys

  Die grondslag van die Christelike opvoeding en onderwys aan Potchefstroom Gimnasium is die Bybel. Godsdiensonderrig het gedurende die eerste aantal jare na die stigting van die skool in 1907 die Belydenisskrifte as sleutelvak ingesluit wat deur die professore van die Teologiese Skool onderrig is. Vir die grootste gedeelte van die skool se bestaan (as staatskool) is Godsdiensonderrig sonder dogma aangebied.[4] Die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium stem ooreen met die Calvinisties-Christelike lewensbeskouing van die Afrikanervolk.[5]

* Nasionale grondslag van die opvoedende onderwys

  Potchefstroom Gimnasium is as direkte uitvloeisel van die Christelik-nasionale onderwysbeweging in 1907 gestig.[6] Die lede van die skoolkomitee en beheerraad, hoofde en onderwysers het krag en besieling geput uit die Afrikanerkultuur. Dié liefde vir die eie volkskultuur word steeds aan die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium oorgedra en bevestig.[7]

---

3) *Ibid.*, p 180.
4) *Ibid.*, p 184.
5) *Ibid.*, p 190.
6) *Hoofstuk 4*, p 109.
7) *Ibid.*, p 162.

### 7.2.2 Die kind en die opvoedende onderwys aan Potchefstroom Gimnasium

Die kind se Christelik-nasionale lewensbeskouing word deur Potchefstroom Gimnasium eerbiedig. Die kind word opgevoed tot 'n rype, onafhanklike en volwasse Christengelowige.[8)] Deur die opvoedende onderwys aan Potchefstroom Gimnasium word selfverantwoordelikheid by die kind ontwikkel. Die skool voed dus die Christengelowige Afrikanerkind op volgens die ouer se Christelik-nasionale lewensbeskouing.[9)]

### 7.2.3 Die doelstelling van die opvoeding en onderwys aan Potchefstroom Gimnasium

Die doelstelling van die Christelik-nasionale opvoeding en onderwys word voortdurend aan Potchefstroom Gimnasium nagestreef. Die kind maak tydens die opvoedingshandelinge kennis met die doelbewuste oordrag van sy eie volkskultuur en kultuurtaak om as landsburger die land binne die Skepperswil te bewoon en beheers. Verder word die kind geleer om die medemens te dien en dat die mens alleen uit geloof en genade die ewige lewe kan beërwe.[10)]

### 7.2.4 Die inhoud van die opvoeding en onderwys aan Potchefstroom Gimnasium

Godsdiensonderrig was van meet af aan 'n belangrike vak in die kurrikulum aan Potchefstroom Gimnasium. Gedurende die eerste 10 jaar is die leerlinge in die Bybelse Geskiedenis en Christelike Geloofsleer deur die professore van die Gereformeerde Teologiese Skool onderrig.[11)]

---

8) *Hoofstuk* 5, p 190.
9) *Ibid.*, p 164.
10) *Ibid.*, pp 187-189.
11) *Hoofstuk* 4, p 107.

Nadat Potchefstroom Gimnasium in 1918 'n sekondêre staatskool geword het, is die departementele Godsdiensonderrigsillabus gevolg. Hoewel dié vak deurgaans deur Christengelowige onderwysers onderrig is, het dit wel gebeur dat dit deur onderwysers wat nie daarin opgelei was nie, onderrig moes word. Godsdiensonderwys word egter nie net tot die vak self en enkele periodes beperk nie, maar deurspek die onderrig van alle skoolvakke. Hierdeur word geloofsoortuiging by die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium bevestig.[12] Bybelkunde word sedert 1974 as keuse vak in standerds 8, 9 en 10 aangebied.

Moedertaal is die belangrikste sekulêre vak en vorm die basis van die opvoeding en onderwys. In 1916 is Hollands met Afrikaans as onderrigmedium vervang, waardeur Potchefstroom Gimnasium die eerste Afrikaans-medium skool in die land geword het.[13] Die vakke Wiskunde en Natuur- en Skeikunde is wel vir enkele jare (1916-1918) deur medium van Engels onderrig. Dit het egter as gevolg van sekere praktiese redes gebeur en nie omdat Afrikaans as onderrigmedium misken is nie. Tweetaligheid is nie 'n aanvanklike primêre doel van die onderwys aan Potchefstroom Gimnasium nie, maar besonder baie aandag word aan die onderrig van Engels as tweede taal en aan die derde tale, naamlik Duits, Latyn, Frans en Tswana gegee.

Ander sekulêre vakke wat prominente aandag geniet is Geskiedenis (wat Vaderlandse Geskiedenis en Burgerleer insluit), Aardrykskunde, Wiskunde en Natuurwetenskappe. Deur middel van genoemde vakke word elke leerling as toekomstige landsburger geleer om liefde vir en kennis van die eie

---

12) *Hoofstuk 5*, p 184.
13) *Hoofstuk 4*, pp 124-125.

bodem en kultuur te ontwikkel. Gedurende die hele ontwikkelingsgeskiedenis van Potchefstroom Gimnasium word dit gekenmerk deur 'n Christelik-nasionale gees en rigting.

### 7.2.5 Die plek van tug in die opvoedende onderwys aan Potchefstroom Gimnasium

Die hoofde en onderwysers van Potchefstroom Gimnasium was en is almal goed opgelei ten opsigte van die onderwyspraktyk, doel en strewe van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel en die plek van tug in die opvoedende onderwys. Alle getuienis dui daarop dat hulle Christengelowige mense is wat weet dat alle gesag van God afkomstig is, hulle gesag as opvoeders verleende gesag is en die onderwyser slegs 'n aanvullende opvoedingstaak verrig.[14] Daarom word tug toegepas binne die wete dat die innerlike en uiterlike handeling en invloed die kind moet lei om die uiteindelike doel van die opvoeding te bereik, naamlik gehoorsaamheid aan en die eer van God.

### 7.2.6 Onderwysers van Potchefstroom Gimnasium

Die onderwysers van Potchefstroom Gimnasium is, aanvullend tot die ouer, verantwoordelik vir die opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Alle getuienis dui daarop dat die hoofde en onderwysers in die geskiedenis van die skool almal Christengelowiges was en aan Christelik-nasionale onderwysinrigtings opgelei is. Hulle is goed opgelei tenopsigte van vakinhoud en vakdidaktiek, kennis van die kind, asook van die Crhsitelik-nasionale onderwysbeginsel. Daarom kon die onderwysers aan Potchefstroom Gimnasium die kind in ooreen-

---

14) *Hoofstuk 6*, pp 219-220.

stemming met die ouer se lewensbeskouing opvoed. In dié verband was die invloed, leiding en stempel van die eerste twee hoofde van Potchefstroom Gimnasium, naamlik J J A Coetsee en W de K Kruger besonder prominent. Hulle het oor 'n tydperk van net meer as 57 jaar, saam met ander Christengelowige Afrikaneronderwysers, die boodskap van liefde en toegewydheid sonder voorbehoud uitgedra. Die empatie wat van hoof en onderwyser teenoor kind, ouer en kollega uitgedra word, spreek van innige betrokkenheid, idealisme en koersvastheid. Hulle is mense wat volkome geroepe voel vir dié lewenstaak van die opvoedende onderwys en kan daarom positiewe invloed op die ontwikkelende jeug uitoefen.

### 7.2.7 Die verhouding tussen skool, ouer, kerk, staat en plaaslike beheerliggaam

Potchefstroom Gimnasium is 'n Afrikaans-medium skool waarin die opvoedende onderwys in 'n atmosfeer van 'n gemeenskaplike taal, kultuur en geloofsbelydenis plaasvind.

Die skool vorm met die huis, kerk en staat 'n gesonde vierhoek - elk met sy eie regmatige plek en taak:

* Die ouer het van die begin af inspraak in die stigting, beheer en instandhouding van die skool, aanbeveling van onderwysers vir aanstelling en die bepaling van die gees en rigting van die onderwys. Hoewel die ouers grotendeels deur skoolkomitees en beheerrade verteenwoordig word, het die indiwiduele ouer 'n direkte kontak met die skool, hoof en onderwysers.
* Die staat het in 1915 die verantwoordelikheid van die onderwysvoorsiening ten opsigte van die Voorbereidende Skool by die Teologiese Skool oorgeneem. Die staat het na die oorname van die skool in 1915 die ouers en kerk toegelaat om die gees en rigting te bly bepaal. Die staat is sedertdien verantwoordelik vir die peil

van die opvoedende onderwys (d.i. die wetenskaplike standaard en sedelike vorming), die voorsiening van skoolgeboue, sportterrein, skoolmeublement, boeke en hulpmiddele en besoldig die onderwyspersoneel.[15)]

* Die skoolkomitee en beheerraad oefen in samewerking met die hoof, onderwysers en ouers, beheer en toesig uit oor die skoolgeboue, -terrein en die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium.

* Potchefstroom Gimnasium voorsien, te midde van die beherende instansies, selfstandig en selfbepalend opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Die skool kom die staat se voorskrifte na, snoer die ouers saam om finansieel die nodige bykomstige geriewe te voorsien en werk met die drie Afrikaanse kerke saam ten opsigte van die kategetiese onderrig van die kinders.

7.3 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

7.3.1 Potchefstroom Gimnasium is aanvanklik as Voorbereidende Skool gestig deur voorstanders van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel wat ernstig beswaard oor neutrale staatsonderwys was. Dié skool het nooit neutraal geword en sy Christelik-nasionale karakter verloor nie. Die skool het - ook as staatskool - die lewensopvatlike van die ouer aan die kind oorgedra. Die enkele kinders wat nie Afrikaans was nie, het ingeskakel by die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool.[16)] Die beywering van die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys was dus in hul poging met sukses bekroon deurdat daarin ge-

15) *Hoofstuk 4*, pp 122-124.
16) *Hoofstuk 5*, p 179.

slaag is om 'n vrye skool met staatsteun daar gestel te kry. Die staat was wel nie algemeen ten gunste van vrye skole met staatsteun nie, maar het ooglopend toegelaat dat Potchefstroom Gimnasium sy Christelik-nasionale gees en rigting behou.[17] Die finansiering van die Voorbereidende Skool was dié enkele faktor wat die skool in 1915 genoodsaak het om 'n staatskool te word.

Potchefstroom Gimnasium is dus deur die "ouers in gemeenskap" gestig. Hulle het die gees en rigting van die skool bepaal en finansieel bygedra tot die onderhoud daarvan. Die staat het sedert 1915 die grootste gedeelte van die finansiële verpligtinge gedra en die wetenskaplike standaard van die opvoedende onderwys beheer.

7.3.2 Die Gereformeerde Kerk, wat deurgaans die Christelik-nasionale onderwysbeginsels onderskryf, was deur middel van die professore van die Teologiese Skool verantwoordelik vir die stigting en onderhoud van die Voorbereidende Skool. Dié kerk het dus 'n bepaalde invloed op die Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium gehad. Die samewerking tussen die onderwyspersoneel en leerlinge van die Voorbereidende Skool en die doserende personeel en studente van die Teologiese Skool het 'n besliste en blywende invloed op die vestiging van die Christelik-nasionale karakter van Potchefstroom Gimnasium gehad. Van 1921 af is verteenwoordigers van die Nederduits Gereformeerde en Nederduits Hervormde Kerk saam met lede van die Gereformeerde Kerk op die beheerraad verkies. Verteenwoordigers van aldrie die Afrikaanse kerke het gesamentlik oor die gees en rigting van die skool toesig gehou en hoofde en onderwysers wat aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het, vir aanstelling aanbeveel. Daarom was die opvoedende onderwys

---

17) Die feitelike word in die onderskeie inspeksieverslae uitgewys.

aan Potchefstroom Gimnasium nooit neutraal nie - dit was pro-Christelik en pro-nasionaal. Die onderwysers het die opvoedende onderwys gesien as middel om die kind tot God se eer op te voed.

7.3.3 Potchefstroom Gimnasium het die vele stormagtige tye en gebeure soos byvoorbeeld Uniewording (1910), Rebellie (1914), Eerste (1914-1918) en Tweede Wêreldoorlog (1939-1944), ernstige depressie (1932-1933), droogtes, veranderings in die Regering en Republiekwording (1961) oorleef en deur dit alles rustig met sy Christelik-nasionale opvoeding en onderwys voortgegaan. Hoewel die Christelik-nasionale onderwysbeweging na Uniewording verswak het, het die onderwysers aan Potchefstroom Gimnasium die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in die klaskamer bly uitleef en die skool se Christelik-nasionale gees en rigting het onveranderd gebly.

Vanaf die twintigerjare van hierdie eeu het die samelewing meer gekompliseerd geraak en het daar 'n klemverskuiwing van die primêre na die sekondêre onderwys plaasgevind.[18] Die klemverskuiwing het nuwe eise en verpligtinge aan die sekondêre onderwys gestel. Potchefstroom Gimnasium het daarin geslaag om, met die behoud van sy Christelik-nasionale gees en rigting, aan die vereistes te voldoen en sy leerlinge instaat gestel om goeie betrekkings te bekom. Die skool het verder, ten spyte van kontak met en blootstelling aan wêrelddenke, nie internasionale of kosmopolitiese Christene gevorm nie. Die skool het deur die jare daarin geslaag om as bolwerk teen die verengelsing van die Christen-Afrikaner, die kind op te voed in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

---

18) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967*, p 547.

Potchefstroom Gimnasium kan daarom as modelskool beskou word: 'n voorbeeld van 'n skool waar die kind in ooreenstemming met die Christelike beginsel en Afrikaanse volkseie - ook in ooreenstemming met Onderwyswet 39 van 1967[19] - opgevoed word.

7.3.4 Die eerste skoolhoof van Potchefstroom Gimnasium, naamlik J J A Coetsee, het geskryf: "Daar was één gemeenskaplike doel wat onderwysers, ouers en Skoolkommissie (skoolkomitee LAD) besiel het om hulle ideaal te probeer verwesenlik. Salarisse en pensioenvoorregte was bykomstige dinge."[20] Op die vraag: "Was die stryd en opoffering dan tevergeefs?" het die antwoord sonder huiwering gekom: "Nee, CNO leef nog! Daar word nog gestry en ons kan met trots terug dink aan die bietjie wat die Gimnasium of Voorbereidende Skool bygedra het om die saak te bevorder."[21]

Potchefstroom Gimnasium kan dus tereg as 'n Christelike en nasionale skool geklassifiseer word, want die ganse skool met al sy bedrywighede - van fisiese geriewe tot Godsdiensbeoefening - was geskoei op die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

## 7.4 TEN BESLUITE

Die doel van hierdie navorsing[22] was om te bepaal of Potchefstroom Gimnasium 'n eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel is. Dit blyk uit hierdie studie dat die aanvanklike hipotese[23] bevestig is, naam-

---

19) *Hoofstuk 2*, pp 78-80.
20) Coetsee, J J A Uit ons skool se verlede. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1939, p 23.
21) *Loc.cit.*
22) *Hoofstuk 1*, p 3.
23) *Loc.cit.*

lik dat Potchefstroom Gimnasium deur al die jare onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans was en dus wel 'n eksponent is van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

Hulle wat aan Potchefstroom Gimnasium gewerk het, - hoofde, onderwysers en leerlinge - wat hart en siel betrokke was, sê: DIT WAS GOED, DIT WAS DIE BESTE, DIT WAS CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS!